



HOËRSKOOL FICHARDTPARK

Geagte Ouer - Gr 8-leerder (2020)

'N OPWINDENDE JAAR IN 2020 WINK VIR JOU !

By voorbaat welkom by Hoërskool Fichardtpark. 'n Opwindende jaar in 2020 is reeds beplan en ons sien met verwagting uit na jou betrokkenheid by ons skool.

Aangeheg vind u die volgende:

- Gr 8-Kamp – 17-19 Januarie 2020 (Retief Kampterrein, Maselspoort)
- Jaarbeplanning 2020 (U ontvang elke kwartaal 'n baie volledige kwartaalprogram, huidige program onderhewig aan verandering.)
- Skoolgelde – begrotingsdokument
- Finansiële Inligting . Debietorderopdrag
- Skryfbehoeftes vir 2020
- Aansoekvorm om sluitkassie “Locker” te huur is by die finansiële beampte, me. Elizabeth Gouws, beskikbaar. Beperkte aantal beskikbaar vir verhuring.
- Middagstudie is beskikbaar vir leerders, aansoekvorms is begin Januarie by me. Elizabeth Gouws beskikbaar.

Aangehegte dokument oor skoolgelde 2020, verwys na die verpligte skoolgelde betaalbaar soos goedgekeur tydens die begrotingsvergadering op 17 Oktober 2019. Skoolgelde is aan die begin van die jaar betaalbaar, maar u kan die opsie kies om die gelde oor 10 maande te betaal (R1600 per maand). **'n Aanvangsheffing van R1500 is voor of op 13 Januarie 2020 betaalbaar.** Dié aanvangsheffing kan reeds November 2019 betaal word om sodoende verligting te bring vir uitgawes begin 2020.

Skooldrag is by Kloppers, Awerbuchs en Tunika beskikbaar. Die sweetpak en sporthempie is egter by ons klerewinkel beskikbaar. **'n Graad 8-spanbou hempie is teen R250 beskikbaar.** Alle Gr 8-leerders word versoek om die hempie saam met 'n denim op Dinsdag, 14 Januarie 2020 (oriënteringsdag) skool toe te dra.

Ons versoek u om te belê in 'n skoolbaadjie vir u kind. Selfs op koeler dae in die somer word baadjies gedra. Leerders verteenwoordig die skool na buite geklee in netjiese skoolbaadjies. Gr 8 Leerders mag eers skoolbaadjies dra nadat hulle ingehuldig is. 'n Skool oortrektrui, (pullover) is as alternatiewe keuse van die gewone skooltrui by die klerewinkel

SKOOLHOOF: Mnr Herman vd Merwe

Hudsonrylaan 24 | Fichardtpark | Bloemfontein | 9301 | Posbus 31132 | Bloemfontein | 9317
Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | fichpos@fpark.co.za | www.fpark.co.za

beskikbaar. Dié oortrektrui word aanbeveel, vertoon netjies en dra gemakliker onder 'n skoolbaadjie. Skooltruie word slegs onder die baadjie gedra.

**Klerewinkel besigheidsure:
(051 430 0743)**

Vrydag 10 Januarie 2020 – 17:00 tot 19:00

Dinsdag 14 Januarie 2020 – 11:30 tot 13:30

Tye vir klerewinkel in 2020 sal vroeg in die nuwejaar aan u beskikbaar gestel word. Gr 8 hempie is reeds by klerewinkel beskikbaar. Skakel gerus met die klerewinkel indien bogenoemde besigheidsure u nie pas nie.


Ons versoek alle Gr 8-leerders om op Dinsdag, 14 Januarie 2020 vanaf 08:00 – 11:30 by die skool te wees. Tydens dié geleentheid word ons klasse ingedeel, leerders ontmoet hul onderwysers en algemene inligting word met hulle gedeel. **Alle Gr 8-leerders woon die dag by geklee in vermelde hempie en denim.**

Neem kennis dat die skool op Woensdag, 15 Januarie 2020 vir alle leerders open. (Skoolure: 07:30-14:00) **Ouers is welkom om die saalopening, wat in die Doxa Deo/Kruiskerk naby die skool plaasvind, by te woon.**

Die kantoor is reeds op Maandag, 13 Januarie 2020 (vanaf 08:00-14:00) oop. Dit sal 'n voorreg wees om 'n persoonlike diens aan u te lewer. Skakel met die kantoor vir afspraak met skoolhoof.

Op Donderdag, 16 Januarie 2020, om 18:00 is hier 'n bring en braai geleentheid vir alle ouers en leerders van ons skool. Dit is die geleentheid waar bestaande ouers die nuwe ouers ontmoet. Skool voorsien die vure. Bring asseblief vir u 'n stoel saam. Die geleentheid word op die krieketveld by die busloods aangebied.

Ons ontmoet u graag.



H. van der merwe
Skoolhoof